

Inhoud Hierdie preek wys dat mense mekaar verontmenslik net soos hulle God ontheilig. Dit doen hulle deurdat hulle God die bedoeling van God vir mense te verdraai sodat mense hulle self moet vind en moet leef binne mense se verdraaide opvattinge. Wie God se bedoeling as God verdraai sodat God aan mense behoort en mense nie aan God behoort nie, verdraai ook mense se bedoeling om aan God te behoort op so manier dat mense mekaar besit. Met hierdie verdraaiing regverdig mense hulle sondige geaardheid asof dit hulle goeie geaardheid sou wees. Christus verbeek hierdie verdraaiing in ons deur ons in wie Hy as mens is in te sluit en só weer binne God se bedoeling met ons te laat leef. In hierdie vereniging met Christus skep die Heilige Gees in ons die gewone menslike deugdes waarmee ons mense aanvaar en ag binne met die bedoeling wat God vir hulle as mense het.

Liturgie 1. Ps. 125: 1 -4; 2. Lied 440: 1 – 4.

Skriflesing Jesaja 44: 20 – 22; Romeine 1: 18 -25, 28; Galasiërs 3: 26, 27; 5: 13 – 23.

Teks Galasiërs 3: 26, 27 “Julle is immers almal kinders van God, deur die geloof in Christus Jesus, want julle wat in Christus gedoop is, het Christus ook soos ’n kleed aangetrek.” (Nuwe direkte vertaling NDV)

Tema Christus laat ons binne God se bedoeling vir ons as mens leef

1. Ek wil graag vir vanoggend weer voortgaan met die prediking oor bedoelings: God se bedoeling met ons en ons verdraaide bedoelings met God. In die eerste preke het ons gefokus op ons en God se verhouding, nou gaan ons met dieselfde saak fokus op mense se verhoudings met mekaar.

’n Mens kan nie mekaar met goeie bedoelings byt en verskeur, en verteer nie. ’n Mens kan nie mekaar as mense verniel en skend, en dit doen omdat ’n mens dit met goeie bedoelings doen nie. Dit is amper ’n algemene houding van dag, en dit vorm amper ’n vaste oortuiging by mense dat hulle mekaar verniel, maar dit doen met die verduideliking dat, al het hulle jou verniel en geskend, hulle dit met goeie bedoelings gedoen het.

Dit is eintlik die algemene wyse waarop mense mekaar vergewe: ons vra vergifnis en sê ons is jammer vir die vernieling en seermaak, maar ons vra begrip daarvoor dat ons dit nie sleg bedoel het nie. Ons wil vergewe word omdat ons mekaar met goeie bedoelings byt en verskeur.

2. Watter saak maak mens vir hulself uit met hierdie oortuiging: ons erken die vernieling en krenking, maar ons goeie bedoelings moet aanvaar word!

Christus laat ons binne God se bedoeling vir ons as mens leef

Paulus noem hierdie oortuiging die misbruik van die Christelike vryheid om aanleiding te gee vir om volgens jou sondige geaardheid te mag leef. NDV Dit is die Grieks vir die vertaling van 1983 “gebruik as ’n verskoning om sonde te doen”. (Gal. 5: 14) Om mense te mag en te kan verniel met goeie bedoelings – is hoe mense volgens hulle sondige geaardheid wil leef. Dit is hoe hulle hul sondige natuur as hulle goeie natuur wil glo.

Mense verniel mekaar met slegte en kwade bedoelings. Hulle kan mekaar nie met goeie bedoelings verniel nie. Jy kan nie iemand in liefde dien, en hulle verniel en krenk deur jou liefde en diens nie.

Daarom stel Paulus dat ’n lewe binne die bedoeling van die Heilige Gees, is ’n lewe van diens aan en liefde en jou naaste, en om jou naaste te verniel en te krenk is ’n lewe binne die bedoeling van jou sondige geaardheid.

3. Kom ons kyk weer na die verhouding tussen God se goeie bedoeling vir en met ons, en ons goeie bedoeling met mense!

Paulus beskryf die verhouding tussen hierdie twee sake met twee verskillende woorde in Romeine 1, “verdraaide beelde” en “verdraaide opvattinge”. Hy is hier besig om ’n opsomming te gee van Jesaja 44.

Die vraag is wie gee aan wie die regte bedoeling, God aan ons of ons gaan God?

Die antwoord is helder en duidelik: God maak ons en omdat Hy ons skep, gee Hy aan ons en ons lewe die regte bedoeling:

- Ons is bedoel om net aan God alleen te behoort,
- ons is bedoel om God te dien waarvoor Hy ons gebruik,
- ons is bedoel om te wees en te lyk soos Hy ons gemaak het,
- ons is bedoel om die posisie te aanvaar wat God vir ons in sy skepping gee
- en ons is bedoel om te gaan waarheen God ons roep.

Op hierdie wyse is ons God se beeld. Hy maak ons om mens te wees soos Hy mense bedoel om mense te wees en Hy gebruik ons as mense in sy raadsplan.

Mense verdraai die bedoeling wat God met hulle het op sy wyse dat hulle as mense aan God die bedoeling gee, dat hulle God maak wie Hy en soos Hy God is, en daarom gee hulle aan God die bedoeling dat

- Hy aan mense behoort,
- dat Hy deur mense vir hulle begeertes gebruik word,
- dat Hy moet wees en lyk soos mense Hom in hulle lewe uitbeeld,
- dat Hy die posisie met aanvaar wat mense Hom gee in hulle lewe en

Christus laat ons binne God se bedoeling vir ons as mens leef

- dat Hy moet gaan waar mense Hom heen roep.

Hierdie God wat God is volgens die bedoeling van mense, is 'n afgod.

4. Ek wil dit vanoggend vir u weer met die bekende voorbeeld herhaal wat al die katkisanter ken: Timoun! As ek hierdie beeldjie in my hand hou, en ek sê: "Hierdie is my beeld, dan kan dit twee dinge beteken. Dit kan beteken dat ek dink ek lyk soos hierdie beeldjie en dat ek dink hierdie beeldjie in 'n uitbeelding van myself. Of ek kan bedoel dat hierdie uitbeelding van 'n meerkat, is my uitbeelding van 'n meerkat. Bedoel ek, ek lyk so, dan is ek simpel, maar bedoel ek, ek het 'n oulike meerkatbeeld gekoop of gemaak, dan is dit oulik.

Wanneer God ons in sy hand vashou, en vir ons sê ons is sy beeld en dit beteken God het ons gemaak om mense te wees soos God mense gemaak het om te wees – om in liefde volkome en regte liefde vir Hom en met mekaar te leef, dan is dit goed en "oulik", maar as dit beteken dat God mense gemaak het om Hom uit te beeld, dan is dit simpel, dan is dit afgodsdien.

Verdraaide bedoelings is wanneer mense God se bedoeling met mense omdraai en dit hulle bedoelings met God maak: Hy behoort aan ons en ons kan met Hom maak net wat ons wil en Hom laat lyk net soos ons Hom wil hê.

Om God se bedoeling met ons te draai is 'n verdraaide beeld van God.

5. Nou wat is 'n verdraaide opvatting dan?

'n Verdraaide opvatting is 'n verdraaide bedoeling van en met mense!

Kom ons kyk weer na hierdie beeldjie van Timoun! Wanneer ek glo dat ek is God se beeld:

- Hy het my gemaak soos Hy my wou hê en ek behoort aan Hom,
- Hy gebruik in sy raadsplan,
- Hy laat my lyk en wees soos Hy my wil uitbeeld om mens te wees,
- Hy stel my in die posisie wat Hy my in sy skepping wil gebruik en Hy roep my waarvoor en waarheen Hy my bestem het,

dan moet ek ook God se bedoeling met ander mense aanvaar!

Dan aanvaar en glo ek dat:

- my naaste deur God gemaak is en aan God behoort, en dat ons saam aan God behoort en op mekaar aangewese is om saam aan God te behoort;
- dat God hulle met talente toegerus het om in sy raadsplan Hom te dien, en dat ons mekaar vir ons talente moet eer en mekaar se dienswerk moet bevorder;

Christus laat ons binne God se bedoeling vir ons as mens leef

- dat God hulle mens laat wees soos God hulle wil laat lyk en as mens wil uitbeeld, en dat ons mekaar erken vir wie God ons laat wees;
- dat God hulle in die posisies aanstel waar hulle Hom sal eer, en dat ons daardie posisies vir mekaar gun en die gesag van daardie posisies aanvaar; en
- dat God hulle roep waarvoor Hy hulle bestem het, en dat ons elkeen se bestemming en roeping sal aanvaar.

Op hierdie wyse glo ek en aanvaar ek my naaste volgens die bedoeling wat God vir hulle het.

Maar, wanneer ek glo dat God my beeld is en ek God uitbeeld en gebruik waarvoor ek wil, wat gaan ek dan met my naaste doen? Ek gaan met hulle doen wat ek glo ek met God kan doen! Ek gaan hulle sien as mens wat my eiendom is, wat my begeertes gedienstig moet wees, wat mens moet wees soos ek hulle sien en ek hulle wil uitbeeld, wat die posisie sal aanvaar wat ek hulle gee en wat net moet doen wat ek besluit en vir hulle kies om te doen.

Wanneer ek met mense maak, wat ek gemaak het om van God my afgod te maak, om Hom die God van my bedoeling te maak, dan maak en leef ek met 'n verdraaide opvatting van en met mense, met 'n verdraaide opvatting van mense!

6. Verniel ons mense met goeie bedoelings of met verdraaide bedoelings?

Hoe lyk God nadat mense van Hom die verdraaide afgod gemaak het wat hulle moet hê hy moet wees? Dit is wat Paulus in Romeine 1 vers 23 uitwys in sy uitleg van Jesaja 44: "In die plek van die heerlijkheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange."

Wanneer hulle klaar is met hulle bedoeling oor wie God vir hulle en in hulle lewe vir hulle moet wees:

- dan is God 'n vrou met dertig borste, 'n vrugbaarheidsgodin,
- dan is God 'n kaal man met spiere en swaarde wat veglustig en oorlogsugtig is;
- dan is God 'n verspotte dronklap en vulgêre niksnut soos die god Bacchus
- dan is God 'n halwe man en seekoei, krokodil, ooievaar of jakkals teen Egiptiese piramides;
- dan is God 'n olifant met tien slurpies, 'n aap met vyf koppe of 'n slang in die Hindoe godsdiens.
- Op dieselfde wyse besluit mense sommer van dag God is niks nie. As hulle besluit Hy is nie, Hy bestaan nie en Hy is niks en nutteloos in die skepping, dan is Hy niks en nutteloos in die skepping...

Christus laat ons binne God se bedoeling vir ons as mens leef

Hulle verniel God op so 'n manier sodat Hy nie meer die almagtige, onsigbare, alomteenwoordige goeie en liefdevolle Skepper van hemel en aarde is nie, maar sommer net iets verspots is wat nie regtig God is nie en ook nie eers regtig 'n mens of 'n diener is nie.

Hulle maak God niks nie! 'n Nietigheid! 'n Niksnut! 'n Onnodigheid! Hulle verheerlik nie vir God met hulle verdraaide beelde van God nie, hulle ontheilig Hom as God en gee Hom nie die eer en dank vir wie Hy as God is nie

7. Nou wanneer mense met hulle verdraaide beelde van God, God niks en nietig maak nie, sommer net 'n verspotte onnodigheid, wat gaan hulle met mense maak met hulle verdraaide opvattinge?

Wanneer hulle met hulle verdraaide opvattinge oor wie jy vir hulle is, klaar is, gaan jy soos een van hulle gode wees, niks nie, 'n nietigheid en 'n verspotte onnodigheid.

Soos hulle God van sy goddelikheid ontheilig, so sal hulle jou van jou menslikheid stroop tot 'n verwronge opvatting van hulle waarin jy niks meer van jou self as mens is of kan wees nie.

Luister nou weer na Paulus se stellings in Galasiërs 5: "Moenie julle vryheid gebruik as aanleiding vir julle sondige natuur nie: en "Maar julle byt en verskeur mekaar; pasop dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie"

Hy wys daarop dat mense hulle naaste volgens hulle eie bedoelings maak, aanvaar en voor gebruik. Eie bedoelings wat niks anders is as verdraaide opvattinge nie: dit is verdraaide bedoelings waarmee ons ons naaste verniel sodat hulle niks, nietig en nutteloos is.

Hierdie volgende goeie bedoelings van mense met ander mense, is verdraaide opvattinge:

- Ek behoort aan my self en jy is my besitting;
- Ek begeer wat ek wil en jy moet dit vir my bevredig;
- Ek sien jou soos ek wil en jy sal wees wie soos ek jou sien;
- Ek sal jou maak of breek soos ek jou nodig of nie nodig het nie;
- Ek sal vir jou besluit wie en wat jy is en jy sal dit as jou bestemming glo.

Wanneer mense se verdraaide opvattinge, hulle goeie bedoelings met jou is, gaan hulle jou en julle mekaar byt en verskeur en heeltemal verslind, niks maak nie, soos mense met God maak! Wat dink u gaan van 'n kind se menswees of 'n ouers se menswees oor wees wanneer ouer en kind met hierdie bedoeling mekaar opeis: Ek behoort aan my self en jy is my besitting; Ek begeer wat ek wil en jy moet dit vir my bevredig; Ek sien jou soos ek wil en jy sal wees wie soos ek jou sien; Ek sal jou

Christus laat ons binne God se bedoeling vir ons as mens leef

maak of breek soos ek jou nodig of nie nodig het nie; Ek sal vir jou besluit wie en wat jy is en jy sal dit as jou bestemming glo.

Hulle sal mekaar misvorm en so verniel en krenk dat van ouerskap en kindwees daar niks gaan oorbly nie. Hulle gaan mekaar so verontmenslik met hierdie verdraaide bedoelings oor en van mekaar dat hulle verwronge ouers en kinders sal wees.

8. Wat is die praktyke van die sondige natuur en die vrug van die Gees soos Paulus dit hierdie uitwys in Galasiërs 5?

Dit is nie goeie en slegte emosies of gemoedstoestande nie!

Gevoelens soos opgewondenheid, neerslagtigheid, kwaad wees, gemoedelik wees, is iets anders as hierdie praktyke van die sondige natuur en vrug van die Heilige Gees. Gemoedstoestande soos depressie, manies wees, angstig wees, om uit voeling met jouself te wees, om innerlike verward te wees, is totaal iets anders as hierdie sondige natuur en die vrug van die Heilige Gees.

Hierdie sake is ondeugde en deugde, nie gevoel en gemoedstoestande nie!

Deugde is die innerlike verbintenis tot mense en die innerlike ingesteldheid teenoor die lewe van mense volgens die bedoeling van God terwyl ondeugde die innerlike verbintenis en innerlike ingesteldheid teenoor mense se lewens is volgens mense se verdraaide opvatting oor mense, hulle verdraaide bedoelings met mense.

Die mens se sondige natuur is die geaardheid van die mens om aan mense die bedoeling te gee dat:

- Ek behoort aan my self en jy is my besitting;
- Ek begeer wat ek wil en jy moet dit vir my bevredig;
- Ek sien jou soos ek wil en jy sal wees wie soos ek jou sien;
- Ek sal jou maak of breek soos ek jou nodig of nie nodig het nie;
- Ek sal vir jou besluit wie en wat jy is en jy sal dit as jou bestemming glo.

Wie aan mense hierdie bedoeling gee en hulle laat leef in hierdie bedoeling behandel hulle met onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring afguns, dronkenskap en uitspattingheid.

Elke ondeug is die optrede binne die verdraaide opvatting van mense. Elke ondeug is die praktyk waarmee en waardeur jy mense jou van hulle menswees stroop omdat jy hulle wil inpas in jou verdraaide bedoeling met mense.

Christus laat ons binne God se bedoeling vir ons as mens leef

Mense byt en verskeur mekaar met verdraaide opvattinge, verdraaide bedoelings, nie met god se bedoeling vir mense nie.

9. Wat is die vrug van die Heilige Gees?

Die hele brief van Galasiërs gaan oor hoe God mense weer inbind in sy bedoeling oor hoe hulle mense moet wees: God maak mense regverdig deur hulle te verenig met wie Jesus as mens in hulle plek vir hulle is. Paulus vat dit saam in ons teksvers vir vanoggend:

“Julle is immers almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus want julle wat in Christus Jesus gedoop is, het Christus soos ’n kleed aangetrek.” NDV Gal. 3:26,27.

Ons is ingesluit en deel alles wat Jesus Christus vir ons as mens is en ons trek dit as ons menswees aan: onskuldig, strafloos, regverdig, heilig, en goed vir God. Dit is nie maar net ’n aanvaarding van ons nuwe status voor God nie, dit is ook die geloof in en aanvaarding van God se bedoeling vir wie ons vir Hom is.

Wie in Jesus Christus glo vir wie en wat Hy as Here deur sy menswees vir ons is, word deur die Heilige Gees só tot medegelowiges verbind en ingestel: ons saam verbind tot mekaar en teenoor mekaar ingestel om God se bedoeling vir ons te glo en binne sy bedoeling vir ons te leef.

Daarom leef ons binne god se bedoeling vir mekaar wanneer ons Jesus Christus nie net vir onself glo nie, maar ook vir mekaar. Ek glo nie net dat ek aan Jesus Christus behoort, dat ek vir God sondeloos en strafloos, heilig en reg vir sy liefde en my liefde vir Hom goed en reg is deur Christus nie, ek glo dit ook vir my medegelowige vrou, man, kind, oupa, oma, vriend, vennoot en landsburger.

Ons leef deur ons geloof in Jesus Christus binne God se bedoeling vir ons as mense: dit is die bedoeling van Paulus se verklaring in Galasiërs 2: 20 “ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my! Die lewe wat ek nou hier liggaamlik leef, leef ek in die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.”

So! Die vrug van die Gees is die deugdes wat die Heilige Gees in ons skep, deur ons in te sluit en te laat deel in alles wie Jesus Christus vir ons as mens is en ons as mense laat wees. Dit is die deugdes wat die Gees in ons skep deur ons deel te maak en te laat leef in God se bedoeling vir ons!

10. Daarom is die vrug van die Gees nooit die vertoon van goddelike gesindhede of goddelikheid deur goddelike krag nie.

Christus laat ons binne God se bedoeling vir ons as mens leef

Dit is die mees algemene wanopvatting oor wat die vrug van die Gees in ons lewe sou wees. Dit is die hele moderne Christelike se verwronge opvatting: wanneer jy nie meer menslik is nie, maar God in jou lewe laat inkom en God binne jou te wees, dan sal God se goddelikheid deur jou skyn en sal jy God se goddelikheid uitstraal.

Wat se skeefheid gebeur wanneer mense met hierdie afgodsdienste leef: ek is so vol van God se goddelikheid dat jy in die liefde, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, God se goddelikheid moet raaksien en ervaar? Dit is mos niks anders as 'n demonstrasie van mag en kragdadigheid nie!

Wat is liefde, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, as dit 'n vertoon van God se mag en kragdadigheid deur mense is? Dit is 'n magsvertoon van mense teenoor mense en 'n magsvertoon van mense teenoor mense, is niks anders as 'n manier waarop mense mekaar byt en verskeur en later heeltemal verslind nie.

Die vertoon van God se goddelikheid deur liefde, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, is niks anders as die uitleef van mense se verdraaide opvattinge met hulle verdraaide beeld oor God nie: omdat ek God in my lewe ingenooi het en God my eie gemaak het en op die troon van my lewe aangestel het

- behoort ek aan my self en jy is my besitting;
- begeer ek wat ek wil en jy moet dit vir my bevredig;
- sien ek jou soos ek wil en jy sal wees wie soos ek jou sien;
- sal ek jou maak of breek soos ek jou nodig of nie nodig het nie;
- sal ek vir jou besluit wie en wat jy is en jy sal dit as jou bestemming glo.

En die wyse waarop ek dit gaan doen is met die vertoon van liefde, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Dit is dan mos niks anders as 'n om my sondige aard as my nuwe vryheid in die naam van God uit te leef nie: met 'n vertoon van liefde, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, verontmenslik ek my naaste met die krag en lewe van god wat uit my uitstraal!

11. Die vrug van die Gees van Jesus Christus is totaal iets anders as die demonstrasie van goddelike gesindhede.

Dit is menslike deugdes wat die Heilige Gees in ons skep deur ons in te sluit, te laat deel en te laat leef in God se bedoeling met mense:

Christus laat ons binne God se bedoeling vir ons as mens leef

- my broer en suster is deur God gemaak en aan God behoort, ons behoort aan God behoort en is daarom op mekaar aangewese om saam aan God te behoort;
- my broer en suster het God met talente toegerus om in sy raadsplan Hom te dien, en ons is saam in die diens van die Here elkeen met eie talente om mekaar se dienswerk te bevorder;
- my broer en suster is mens soos God hulle wil laat lyk en uitbeeld, en ons aanvaar mekaar so en het mekaar so lief;
- my broer en suster is deur God hulle in die posisies aanstel waar hulle Hom sy belange bestuur en ons aanvaar en eer mekaar daarvoor;
- my broer en suster het God hulle roep waarvoor Hy hulle bestem het, en ons glo mekaar se bestemming en roeping.

Om mekaar in liefde te dien, is nie sommer maar net 'n mooi samehorige gevoel of sentiment nie, dit is om te leef met die geloof in wie Christus ons vir God laat wees.

Wie in hierdie geloof in Christus leef, in hulle skep God self hierdie deugdes. Deugdes is 'n skepping van God. Dit word geskep kinders van God deur hulle binne God se bedoeling vir mense te laat leef.

12. Daarom is hierdie deugdes nie nuwe wette nie.

Dit is totaal absurd om met so wanopvatting te leef: die Here het die Tien Gebooie vervang as sy wette en vir ons nuwe wette gee:

jy moet liefdevol wees, jy moet bly wees, jy moet geduldig wees, jy moet vriendelikheid wees, jy moet goedhartig wees, jy moet getrou wees, jy moet nederig wees, en jy moet selfbeheers wees.

Deugdes is nie weet nie, dit is lewenshoudings en verbintenisse wat God skep deur ons in te sluit en te laat deel in die bedoeling van Jesus as mens vir ons, om ons binne God se bedoeling vir ons te laat leef.

Daarom is deugdes vir die vrug van ons geloof in Jesus Christus: Hy verbind ons tot en laat ons binne God se bedoeling vir mense lewe: ons behoort saam aan God, ons is saam sondeloos en strafloos vir God, ons is saam heilig en reg vir God se liefde en Hy maak ons diensbaar in liefde.

In geloof in God se bedoeling laat die Gees ons leef in liefde, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing omdat ons mekaar aanvaar binne God se bedoeling vir ons as mens.

Ons byt en verskeur mekaar omdat ons nie die bedoeling van God vir ons en ons medemens aanvaar nie, maar onself en hulle binne ons eie verdraaide opvattinge

Christus laat ons binne God se bedoeling vir ons as mens leef

wil opeis en verwring. Wie Christus vir mekaar glo, leef in die bedoeling van God vir mekaar en ervaar die wonder dat God ons die deugdes gee om met mekaar in sy bedoeling met ons te leef.